

'n Droom word bewaarheid

Klapmuts Primêre Skool Openbare Biblioteek

RONALD B FRANS

Skoolhoof

Agtergrond

Klapmuts Primêre Skool het in Julie 1976 vir die eerste keer sy deure geopen. In 2001 is die skool uitgebrei en 'n saal en administratiewe gebou is opgerig. In 2009 is die ou asbesgebou afgebreek. In 2010 is daar begin met die bouwerk aan die nuwe skool en op 18 Augustus 2011 is die nuwe Klapmuts Primêre Skool Openbare Biblioteek ingewy.

Die Klapmuts-gemeenskap bestaan tans uit 9,000 inwoners waarvan 3,000 'n welsyntoelae ontvang. Die swak sosio-ekonomiese omstandighede van die meerderheid inwoners lei tot maatskaplike probleme, kinderverwaarlosing en drankmisbruik. Daar is, onder andere, 83 smokkelhuise in die gebied en 40 leerders is in pleegsorg. Vrouegeweld het ook tot gevolg dat talle gesinne sonder 'n moederfiguur funksioneer. As gevolg van die feit dat daar meestal seisoenwerkers in die gebied is, is die werkloosheidsyfer besonder hoog.

Die droom en visie was om 'n openbare biblioteek met soveel bronne en voorraad as moontlik in Klapmuts tot stand te bring aangesien daar geen biblioteek of bronnesentrum in die dorp was nie. Die gedagte was dat 'n volwaardige biblioteek van veel meer waarde sou wees as 'n skoolbiblioteek wat nie in die behoefte van alle leerders sou kon voorsien nie. Die konsep is verder uitgebrei as 'n poging om interaksie met die gemeenskap te versterk ten opsigte van opvoeding en om geletterdheid en syfervaardigheid te verbeter.

Roseline Herandien (beter bekend as Bonnie), die bibliotekaris van Cloeteville Biblioteek, is om advies genader. Na vergaderings met die assistentdirekteur van die Boland Beheergebied, Steven Andries, wat meriete gesien het in die visie van Klapmuts en sy mense, is hulle na die adjunkdirekteur van die Wes-Kaapse Biblioteekdiens, Stefan Wehmeyer, verwys. Met die samewerking van talle ander rolspelers is die droom van 'n

eie biblioteek uiteindelik verwesenlik. Advokaat Hanlie Linde, direkteur van Stellenbosch Munisipaliteit se Departement van Gemeenskapdienste en raadslid JC Anthony het ook by die projek betrokke geraak. 'n Memorandum van ooreenkoms is gesluit tussen die provinsie, die munisipaliteit en die skool.

'n Visie vir 2009 – 'n Droom vir 2010!

Klapmuts Primêre Skool Openbare Biblioteek word uiteindelik gebore en op 18 Augustus 2011 ingewy! Teenwoordig by die opwindende geleentheid was Dr Ivan Meyer, Minister: Kultuursake en Sport; Wes-Kaapse Regering, die burgemeester van Klapmuts, mnr Conrad Sidego en mnr Ronald Frans, die hoof van Klapmuts Primêre. Inderdaad 'n historiese gebeurtenis aangesien hierdie die eerste volwaardige openbare biblioteek by 'n skool in Suid-Afrika is.

Voordele van die biblioteek op skoolterrein

Die gemeenskap het nou toegang tot inligting, rekenaars en boeke en kan 'n bydrae lewer tot die leer- en opvoedingsproses vir hul kinders.

Die nuwe skool skep 'n klimaat van sekuriteit en vastigheid wat kan help om waardes en norme onder die jeug te bevorder. Soos die personeel tereg opgemerk het: daar is drome om te droom – en daar is hoop en lig om die gemeenskap met kennis te versterk.

Fasiliteite by die skool

- ▶ Rekenaar- en Internetfasiliteite vir hoërskoolleerders en lede van die publiek
- ▶ Stoele en tafels word gratis vir funksies beskikbaar gestel.
- ▶ Die saal is gratis beskikbaar vir ABET klasse vir diegene wat nie matriek voltooi het nie en nou die geleentheid kry om te kwalifiseer
- ▶ Daar is fotostaat- en lamineerfasiliteite teen 'n fooi maar identiteitsdokumente word gratis gedoen
- ▶ 11 Sportkodes: Akido as sportkode word deur vrywillige afrigters aangebied

- ▶ In 2010 is 'n orkes begin met bystand van die Wes-Kaapse Regering: Kultuur en Sport.

Statistiek

Opvoeders: 41

Leerders : 1,326 (laerskool); 500 (hoërskool) wat 60 matrikulante insluit.

Klasse : Graad R tot Graad 7. Ses Graad R-klasse vanaf 2012 (vanaf 2011 woon elke leerder vanaf Graad 1-7 een biblioteekles-uur by). 752 leerders is afhanklik van welyntoelae. Geen skooltariewe word betaal nie en alle leerders is op 'n voedingskema.

Biblioteekpersoneel

Een bibliotekaris en twee biblioteekassistentes.

Projekte oor die afgelope tien jaar

- ▶ Tuinbou in samewerking met Maatskaplike Dienste en die British High Commission
- ▶ Werkskepping: verf op materiaal en kleremaakprojek in samewerking met Maatskaplike Dienste en die British High Commission
- ▶ Huisves maatskaplike diens-kantore en kliniek.

Statistiek (Oktober 2011 - Januarie 2012)

Sirkulasie: 2,381

Voorraad: 5,807

▼ Mnr Stefan Wehmeyer, Adjunkdirekteur: Streke, Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens



▲ Talle plaaslike inwoners het die openingsgeleentheid bygewoon



▲ Dr Ivan Meyer, Minister: Kultuursake en Sport: Wes-Kaapse Regering het die voereg gehad om die lint te knip



▲ Die skoolorkes van Klapmuts Primêre Skool het vir vermaak gesorg